Geopende Deure

# 2021 WÊRELD-WAARNEMINGSLYS GEBEDSKAART

## Die top 50 lande waar Christene die heel ergste vervolging ervaar

1. Noord-Korea
2. Afganistan
3. Somalië
4. Libië
5. Pakistan
6. Eritrea
7. Jemen
8. Iran
9. Nigerië
10. Indië
11. Irak
12. Sirië
13. Soedan
14. Saoedi-Arabië
15. Maledive
16. Egipte
17. China
18. Mianmar
19. Viëtnam
20. Mauritanië
21. Oesbekistan
22. Laos
23. Turkmenistan
24. Algerië
25. Turkye
26. Tunisië
27. Marokko
28. Mali
29. Katar
30. Colombië
31. Bangladesj
32. Burkina Faso
33. Tadjikistan
34. Nepal
35. Sentraal-Afrikaanse Rep.
36. Ethiopië
37. Mexiko
38. Jordanië
39. Broenei
40. Kongo DR.
41. Kazakstan
42. Kameroen
43. Bhoetan
44. Oman
45. Mosambiek
46. Maleisië
47. Indonesië
48. Koeweit
49. Kenia
50. Comore

### Vlakke van vervolging

HOË · BAIE HOË · UITERMATIGE

Vir die eerste keer in die lys se geskiedenis, ervaar elke land in die top 50 baie hoë of uitermatige vlakke van vervolging.

**Vind meer uit by www.opendoors.org.za**

Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys (WWL) word elke jaar in Januarie bekendgestel en bestaan uit die top 50 lande waar Christene die ergste vervolging ervaar. Vervolging word gedefinieer as enige vyandigheid wat ŉ mens weens jou identifikasie met Christus ervaar. Die WWL neem alle sfere van die lewe en gewelddadige insidente in ag. Die metodes waarvolgens elke land se telling en transnasionale vergelyking bepaal word, asook die behoorlike toepassing daarvan in sommige steekproeflande, word onafhanklik deur die Internasionale Instituut vir Godsdiensvryheid geoudit. Addisionele verklarings en interpretasies deur Geopende Deure, wat op die publikasie van die WWL gebaseer is, bly buite die raamwerk van hierdie oudit. Verslagdoeningstydperk: 1 Oktober 2019 – 30 September 2020.















"Julle het ons nog nooit gesien nie, en ken nie ons name nie, maar julle is lief vir ons."

NOORD-KOREAANSE GELOWIGES SE BOODSKAP AAN GEOPENDE DEURE SE ONDERGRONDSE VELDWERKERS




Die vervolging van Christene neem wêreldwyd toe. Daar is ŉ toenemende behoefte aan gebed by ons familie in Christus, aangesien Satan hom daarop toespits om ons getuienis vir Christus te vernietig. Hy gebruik verskeie taktieke om die Kerk te verswak en veroorsaak hopeloosheid deur vervolging en diskriminasie. Ons kan deur ons gebede help om ons vervolgde familie te versterk sodat hulle, ondanks die koste, kan voortgaan om sterk te staan vir Christus.

Sluit by ons aan in gebed vir die Kerk deur hierdie gebedskaart te gebruik om vir die verskillende streke te bid waar Christene verskerpte vervolging, diskriminasie en isolasie weens hul geloof in Christus ervaar.

## BID

### LATYNS-AMERIKA

Latyns-Amerika het oor die jare ŉ toename in geweld ervaar, met dwelmbase en guerrillas wat ŉ skrikbewind voer. Christene wat hierdie groepe se bedrywighede kortwiek word aan geweld onderwerp weens hul geloof in Jesus. Bid vir die Kerk se veiligheid en vir wysheid om in hierdie vyandige omgewing na ander uit te reik met die Evangelie.

### ARABIESE SKIEREILAND

Daar is min Christene in hierdie streek met sy Moslem-meerderheid. Die Evangelie het egter sommige mense in die streek bereik. Bid dat diegene wat die Evangelie gehoor het hul lewens aan Christus sal gee en dat God aan Christene veilige geleenthede sal gee om die Evangelie met hul familie en vriende te deel.

### AFRIKA

Die Afrika-kontinent ervaar die afgelope paar jaar ŉ drastiese oplewing in geweld teen Christene weens Islamitiese ekstremisme. Bid dat die Here se hand oor Sy Kerk in die streek sal wees en dat Hy hulle sal lei en vir hulle sal voorsien terwyl hulle Hom dien.

### ASIË

Talle aanhangers van die drie vernaamste gelowe in Asië, naamlik Islam, Hindoeïsme en Boeddhisme, sien Christenskap as ŉ bedreiging vir hul oortuigings. Dit het daartoe gelei dat Christene verwerp, teen gediskrimineer, aangeval en selfs doodgemaak word. Bid vir die beskerming van Christene en dat God Sy kinders te midde van vyandigheid sal gebruik om die Evangelie te versprei.

### MIDDE-OOSTE

Die Kerk en veral Gelowiges vanuit ŉ Moslem-agtergrond is onder ernstige druk omdat hul bekering groot oneer aan hul families bring. Christene ervaar diskriminasie, teistering, monitering deur die owerhede en intimidasie weens hul geloof. Bid dat God die Kerk in hierdie streek sal onderhou en dat dit sal groei, ondanks beperkings en gevare.